

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:
Dr. Ernst Endres – 13 September 2020**

1. VOTUM

Kom, prys die Here,
julle almal wat Hom dien,
julle wat in die nag
in die tempel van die Here staan!
²Hef julle hande in gebed op
na die heiligdom en prys die Here!

³Mag die Here jou seën uit Sion,
Hy wat hemel en aarde
gemaak het.

2. SEËNGROET

Aan die gemeente van God en
aan almal wat aan die Here:
²Genade en vrede vir julle van God ons Vader
en die Here Jesus Christus!

LOFLIED: MAJESTEIT

Majesteit, glansryke heerlikheid
Ons wil Jesus die Koning, hulde bewys !
Majesteit hemelse heerlikheid
Straal van Sy troon tot waar ons woon ons wil Hom prys !
Kom ons loof, kom ons besing die naam van Jesus !
Kom ons loof, kom ons aanbid die Here ons God !
Majesteit, heilige heerlikheid !
Hy het gesterf, ons heil verwerf Hy het oorwin !



3. SKRIFLESING EN GEBED.

TEMA: LOSGEKOOP OM SINVOL TE LEEF

TEKS: 1 Petrus 2:4 - 10 en Exodus 19

Sinlose lewenswyse

Hy is in 1833 gebore en was die uitvinder van dinamiet. Een oggend maak hy die koerant oop en lees sy eie doodsberig. Uit die aard van die saak was dit 'n fout maar uit nuuskierigheid het hy verder geles. Die opskrif het gelui: "Plofstofkoning sterf". Tot sy ontsteltenis lees hy dat hulle van hom praat as 'die handelaar van die dood'.

"Dr. Alfred Nobel who made a fortune by finding ways to kill more people faster than ever before died yesterday".

Tweede kans

Maar was hulle verkeerd? Hy het immers dinamiet uitgevind en het baie ryk geword uit die vervaardiging van plofstof en die verkope van allerlei vernietigende wapens. Die beskrywing in die koerant het hom diep geraak. Wou hy vir ewig onthou word as 'die handelaar van die dood?' Hy het besef dat hy 'n unieke tweede kans gekry het. Hy kan sy toekomstige grafskrif verander. Na nederige gebed het hy bewus geword van die helende krag van Christus se liefde in sy lewe. Na daardie dag het die dinamietmagnaat sy energie en geld bestee aan opheffingswerk en die *bevordering van vrede* tussen strydende groepe. Op 27 November 1895 bemaak hy sy testament (9 miljoen dollar) aan die Sweedse regering. Alfred Nobel was die stigter van die Nobelprys vir vrede.

Heidense lewenswyse is leeg

Die lewenswyse van Romeinse burgers was leeg en doelloos. Hulle het hulle-self oorgee aan die bevrediging van hulle natuurlike drange en instinkte. Petrus skryf in 1 Petrus 4:3,

"in die verlede toe julle nog heidene was, is julle lewe lank genoeg beheers deur julle *heidense begeertes*: losbandigheid, wellus, dronkenskap, swelg- en drinkpartye en afskuwelike afgodery".



'n Heidense lewenswyse is 'n lewe sonder hoop of verwagting met die oog op die komende heerlijkheid. Hulle lewe as heidene het geen waarde of betekenis gehad nie. Maar dit sou nie so bly nie. (1 Petrus 1:18 en 4:3-5)

1. 'N GEVOEL VAN LEEGHEID: MY LEWE IS RIGTINGLOOS!

- **Gekenmerk deur bevrediging van sinlike begeertes. (1 Petrus 4:3)**
Hulle lewe was gekenmerk deur losbandigheid, wellus, dronkenskap, swelg- en drinkpartye en die beoefening van afskuwelike afgodery.
- **Sinlose bestaan. (1 Petrus 1:18)**
Hierdie lewenswyse is sinloos. (Gr. To no purpose, in vain, empty, fruitless, aimless: building houses on sand, chasing the wind, shooting at stars, pursuing one's own shadow).
- **Voer oorlog teen die mens. (1 Petrus 2:11)**
Hierdie lewenswyse vernietig jou lewe, jou gesondheid en jou verhoudings. (Gr. to battle, to fight, to engage in war, warfare).
- **Rekening gee aan God. (1 Petrus 4:5)**
Jy gaan rekening moet doen vir hierdie lewenswyse aan God wat gereed staan om tussen lewendes en dooies te oordeel. Die woord "rekening" is 'n finansiële term en dui op winste en verliese. 'n Heidense lewenswyse is 'n lewe met verliese wat eindig by geestelike bankrotskap. (a record of assets and liabilities; credit and debit).
- **Loskoop deur die bloed van Christus van die slawemark. (1 Petrus 1:18,19)**
Gelowiges is loskoop deur die kosbare bloed van Christus van 'n sinlose, selfvernietigende en onverantwoordbare lewenswyse.
- **Genees deur die wonde van Christus. (1 Petrus 2:23-25)**
Christus het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is ons genees.

**DO NOT BE AFRAID OF DEATH,
BE AFRAID OF EMPTY LIFE**



2. LOSGEKOOP OM SINVOL TE LEEF: NUWE STATUS VAN GELOWIGES. (1 PETRUS 2:4-10 EN EXODUS 19)

⁵Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.

⁹Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. ¹⁰Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God.

- **By die berg Sinaï word die seuns van Jakob die volk van Israel. (Exodus 19)**

“So moet jy vir die nageslag van Jakob sê, vir die Israeliete vertel: “Julle het gesien wat Ek aan Egipte gedoen het, en hoe Ek julle soos op arendsvlerke veilig gedra en na My toe gebring het. ⁵⁻⁶As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, 'n koninkryk wat My as priesters dien, en 'n gewyde nasie. Die hele aarde behoort immers aan My.’ Dit is wat jy aan die Israeliete moet vertel.”
(Exodus 19:3-6)

- **Vind jou plek in die lewende tempel, gebou op Christus as die hoeksteen, kapsteen en sluitsteen. (1 Petrus 2:4,5)**

Gelowiges is deel van die nuwe lewende tempel wat deur God op die hoeksteen, Christus, gebou word,

⁴Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is. ⁵Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.

- **Gelowiges is die uitverkore volk van God: skatkamer. (1 Petrus 2:9a)**

Deur die bloed van Christus het gelowiges die persoonlike skatkamer van die koning geword. Konings in die antieke tyd het twee skatkamers gehad, 'n skatkamer waarin die belasting van die volk versamel is en 'n persoonlike skatkamer waarin hy al sy waardevolste rykdomme versamel het (vgl die verhaal



van Salomo en die koningin van Skeba in 1 Konings 10). Gelowiges het die persoonlike skatkamer van die koning geword.

- **Gelowiges is die heilige volk van God: vertoonkamer. (1Petrus 2:9c)**

Konings in die antieke tyd het nie net 'n persoonlike skatkamer gehad nie, maar ook 'n persoonlike vertoonkamer waarin al sy kosbaarhede uitgestal word en waarmee hy gespog het (vgl die vertoonkamer van 'n jagter met al sy jagtrofees).

- **Gelowiges is deel van 'n koninkryk van priesters: toegewy. (1Petrus 2:5 en 9b)**

Kinders in Egipte het op sestienjarige leeftyd vir een jaar diens gedoen in die tempels van die Egiptiese gode. Hierdie kinders het as 'n koninkryk van priesters bekend gestaan. Gelowiges het 'n koninkryk van priesters geword om lewenslank diens te doen in die geestelike tempel wat God besig is om op te bou. (1 Petrus 2:5 en 9).

- **Koninkryk van priesters: God se brugbouers.**

Die Latynse woord vir priester is "pontifex" wat "brugbouer" beteken. Gelowiges is geroep om God se brugbouers in hierdie geestelike tempel te wees. Daarin vind jy jou volle betekenis en waarde.

3. SIMON DIE LEVIET VAN SIPRUS VIND SY PLEK IN DIE LEWENDE TEMPEL VAN GOD: GEDOOP TOT BARNABAS! (HANDELINGE 4:36)

So iemand was Josef, die Leviet wat die bynaam Barnabas gehad het. Die naam Barnabas beteken "bemoediger". Barnabas was 'n goeie man, vol van die Heilige Gees en 'n vaste geloof. Hy het potesiaal raakgesien waar ander dit nie kon doen nie. Hy het ander gemotiveer, aangemoedig, moed ingespraak en aangespoor. Hy het drie belangrike brûe in Handeling gebou:

- **Die brugbouer in Paulus se lewe. (Handeling. 9:26-30)**

Saulus het na sy Damaskus-ervaring na Jerusalem gegaan en het probeer om daar by die volgelinge van Christus aan te sluit, maar almal was vir hom bang. Barnabas het hom egter oor Saulus ontferm en hom na die apostels gebring. Saulus het die grootste sendeling van alle tye geword en het verskeie briewe geskryf wat vandag nog lewens verander.



- **Die brugbouer in die lewens van die gelowiges in Antiogië. (Handelinge 11:19-30)**

Die apostels in Jerusalem het van die bekerings in Antiogië gehoor en moes iemand stuur om hulle te gaan bemoedig. Jerusalem en Antiogië het egter in vyandskap met mekaar geleef en niemand het kans gesien om te gaan nie. Toe stuur hulle Barnabas na Antiogië wat die gelowiges aangespoor het om met hart en siel aan die Here getrou te bly. Die stad Antiogië het die sentrum vir wêreldewangelisasie geword. (Handelinge 13)

- **Die brugbouer in die lewe van Johannes-Markus**

Johannes-Markus was deel van 'n invloedryke familie in Jerusalem. Die vroeë kerk het onder andere in die huis van sy ouers bymekaar gekom. (Handelinge 12:12) Met die eerste sendingreis het Barnabas en Paulus vir Johannes-Markus saamgeneem, maar hy het vroeër teruggekeer. Met die tweede sendingreis wou Barnabas Johannes-Markus weer saamneem, maar Paulus wou nie. Hieroor het hulle so skerp van mekaar verskil dat hulle van mekaar geskei het. Barnabas het toe vir Johannes-Markus geneem (Handelinge 15:36-41) en Paulus het vir Silas geneem om op die tweede sendingreis te gaan.

Aan die einde van Paulus se lewe toe hy in die dodesel in Rome was, versoek hy dat Johannes-Markus na hom toe moet kom om hom in sy laaste ure by te staan. (2 Timoteus 4:9-11). Na die dood van Paulus bly hy in Rome agter en word hy die tolk van Petrus. Na die dood van Petrus, verwerk hy die preke van Petrus en so kom die Markus-evangelie totstand. In 1 Petrus 5:13 verwys Petrus na Markus as "my seun". Johannes-Markus het 'n invloedryke leier in die tweede generasie van christelike leiers geword.

In al drie hierdie gebeure het Barnabas, die brugbouer, 'n sleutelrol gespeel.

SAMEVATTEND.

Alfred Nobel het aanvanklik as die "Plofstofkoning" en die '*die handelaar van die dood*' bekend gestaan. Die beskrywing in die koerant wat na hom as die plofstof koning en die handelaar van die dood verwys het, het hom diep geraak. Wou hy vir ewig onthou word as 'die handelaar van die dood?' Hy het besef dat hy 'n unieke tweede kans gekry het. Hy kan sy toekomstige grafskrif verander. Na nederige gebed het hy bewus geword van die helende krag van Christus se liefde in sy lewe. Na daardie dag het die dinamietmagnaat sy energie en geld bestee aan opheffingswerk en die *bevordering van*



vrede tussen strydende groepe. Op 27 November 1895 bemaak hy sy testament (9 miljoen dollar) aan die Sweedse regering. Alfred Nobel was die stigter van die Nobelprys vir vrede.

SLOTIED: LOOF DIE HERE GOD (LIED 222)

Loof die Here God
En prys Sy heilige Naam
Loof die Here God
Hy red my van die dood

Loof die Here God
En prys Sy majesteit
Hom kom toe die eer
En lof in ewigheid x 2

5. SEËNBEDE

Dié wat op die Here vertrou,
is soos Sionsberg
wat nie wankel nie
en altyd vas bly staan.
²Soos die berge Jerusalem
aan alle kante beskerm,
so beskerm die Here sy volk,
nou en vir altyd.

7. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapsan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

